OPTREDE DEUR

VERWELKOMING

Die Voorsitter verwelkom die aanwesiges. Adv J P J Coetzer, Sekretaris van Justisie, is met verskoning afwesig. Mnr Rive woon die vergadering by vir die bespreking van agenda-item 3 (Soweto) en Minister Raubenheimer, dr Kriel en mnr Hobbs vir die behandeling van agenda-item 10 (Lesotho).

2 AGENDA-ITEM 1 : NOTULE NR SVR 1/80

Die notule van die vergadering van 28 Januarie 1980 word goedgekeur en deur die Voorsitter onderteken nadat die volgende wysigings aangebring is:

(a) Item 4, laaste sin: die woorde "Anders sal wetgewing ingedien moet word ..." word vervang deur "Oorweging sal aan die indiening van wetgewing verleen moet word ..."

(b) Item 5, vyfde paragraaf: die laaste sin wat lees "Dan mag mense soos dr Rupert nie geld daarvoor gee nie" word verwyder.

(c) Item 7, elfde paragraaf (bl 6): die tweede sin word uitgebrei om soos volg te lees: "Hy vra 1,5 miljoen dollars om vervoermiddele mee te koop en ander onkoste verbonde aan die verkiesing te dek", en die derde sin word gewysig om soos volg te lees: "Minister Botha deel voorts mee dat hy uit verslae wat hy ontvang het, verneem het dat beide Joshua Nkomo en Robert Mugabe geen organisasies in Rhodesië het om die verkiesing mee te voer nie".

Minister Horwood versoek dat die notule in die toekoms korter moet wees en meer net op die besluite toegespits moet wees.

Die Voorsitter gee toe, maar sê dat daar darem 'n aanloop tot die besluite moet wees. SEKRETARIS

3. AGENDA-ITEM 2: SAKE VOORTSPRUITEND

ITEM 4: TERRORISTE-AANVAL IN SILVERTON

Minister Le Grange deel mee, na aanleiding van die gesprek wat hy en Minister Schlebusch met die pers gehad het, dat die Polisie voor die Kommissie van Ondersoek na Beriggewing oor Sekerheidsaangeleenthede rakende die Weermag en die Polisiemag (die Steyn-kommissie) getuienis sal aflê.

OPTREDE DEUR

AGENDA-ITEM 3: SOWETO

Mnr Rive gee aan die Raad voorligting oor Soweto en identifiseer die volgende probleemareas waaraan aandag onverwyld gegee moet word:

(a) behuising,

(b) riolering,

(c) elektrifisering,

(d) hospitaalvoorsiening,

(e) vervoer,

(f) verbetering van strate, stormwaterdreinering en

(g) waterverskaffing.

Hy is van mening dat Soweto finansieel selfversorg= end moet word. Om politieke redes moet geld nie net eenvoudig ingepomp word nie. Hy glo nie in aal= moese nie. Winste uit Soweto moet teruggeploeg word.

Mnr Rive gee 'n paar voorbeelde van wat gedoen kan word en sê dat dit belangrik is dat die momentum be= hou word, dat daar sigbare vordering moet wees, dat die agterstand ingehaal word en dat kontrakprose= dures stroombelyn word. Hy bepleit ook dat iemand voltyds beskikbaar gestel word om die Soweto-projek te onderneem.

Die aangeleentheid word bespreek en dit word besluit dat mnr Rive met die werk moet voortgaan op die basis van die riglyne wat as Bylaag 1 met die agenda ver= sprei is. Hy sal dit met sy Minister moet opneem hoe hy meer tyd tot sy beskikking kan kry om aan die Soweto-projek te wy.

Dit word ook besluit dat mnr Rive instansies sal identifiseer wat amptelik kennis moet kry van die Staatsveiligheidsraad se belang in die saak en dat daar onder mnr Rive se leiding abso= lute koördinasie moet wees. Periodiek moet mnr Rive aan die Raad verslag gee oor die vordering wat gemaak word aan die hand van die riglyne soos met hom bespreek. MNR RIVE SEKRETARIS

5. AGENDA-ITEM 6: TOESTAND IN RHODESIË

Die Voorsitter meld dat hy bekommerd is oor die toe= stand in Rhodesië en dat sake in 'n rigting beweeg waar ons baie ernstige besluite sal moet neem. Hy het die Britse eerste minister versoek om spesiaal iemand na Suider-Afrika te stuur om met hom oor etlike sake rakende Suider-Afrika samesprekings te voer.

Uit die bespreking wat volg, blyk dit dat Raadslede teenstrydige inligting uit Rhodesië bekom en dat dit

OPTREDE DEUR

derhalwe nie moontlik is om besluite ten opsigte van optrede te neem totdat betroubare inligting verkry is nie.

Die Staatsveiligheidsraad besluit dat 'n span na Rhodesië moet gaan om betroubare inligting ter plaatse in te win wat hulle met mekaar moet kon= troleer sodat uit een mond gepraat kan word. Die inligting moet dan daagliks of twee-daagliks byge= hou word tot die verkiesing. Met die oog hierop en in die hoop dat die Britse eerste minister in die loop van die week op die bogenoemde versoek sal antwoord, kom die Raad ooreen om op Maandag, 18 Februarie 1980, om 10h00 weer te vergader om te besluit oor optredes ten opsigte van die verkies= ing in Rhodesië. DR BARNARD SEKRETARIS

Dit word goedgekeur dat Minister Le Grange aan die versoek wat van die Britte gekom het om 'n paar man van die Polisie na Rhodesië te stuur om te help om wet en orde te handhaaf, moet voldoen. Daar is nog net twee weke voor die verkiesing en die manne kan maklik teruggebring word as dit so besluit sou word. MIN LE GRANGE

Die Sekretaris deel mee dat die betrokke interde= partementele komitees geaktiveer is om gebeurlik= heidsbeplanning te doen met die oog op die moontlike toevloei van vlugtelinge uit Rhodesië. SEKRETARIS

6. AGENDA-ITEM 4: FONDSE VANUIT DIE BUITELAND VIR ONDERMYNENDE ORGANISASIES

Die Staatsveiligheidsraad neem kennis van die brief wat van die Kommissie van Ondersoek na Veiligheids= wetgewing (die Rabie-kommissie) ontvang is en wat as Bylaag 2 met die agenda versprei is.

Dit word goedgekeur dat Dr G P C de Kock ook met regter Rabie hieroor sal praat. Minister Horwood sal dit aan hom oordra. MIN HORWOOD

7. AGENDA-ITEM 5: SUIDWES-AFRIKA-BESOEK

Die item word oorgehou vir die volgende vergadering. SEKRETARIS

8. AGENDA-ITEM 8: NASIONALE RADIOPROPAGANDA- EN BE= LEMMERINGSVERMOË

Die aanbevelings vervat in Bylaag 4 van die agenda word deur die Raad aanvaar. Die bedrag van R23 mil= joen wat oor die volgende twee tot drie jaar benodig sal word, lyk baie hoog en sal na gekyk moet word. Aangesien die Weermag die Harde Propagandavermoë (HPV) gaan bedryf, moet die bedrag in sy begroting ingepas word. GENL MALAN SEKRETARIS